



Jou toekoms is belangrik!!!

Wiskunde Graad 6
 Sentrum vir Opvoedkundige Studies (EDMS) Bpk ©
 Tel: 083 654 1363
 E-pos: wdtwp572@gmail.com

Hersiening, Inoefening en Vaslegging – Junie 2022

Afdeling A – Heelgetalle

1. Skryf die volgende getalle neer:

1.1 $(5 \times 1\,000) + (3 \times 100) + (7 \times 10) + (1 \times 1)$

1.2 $(4 \times 10\,000) + (0 \times 1\,000) + (9 \times 100) + (6 \times 10) + (8 \times 1)$

1.3 $(6 \times 1\,000\,000) + (4 \times 100\,000) + (2 \times 10\,000) + (7 \times 1\,000) + (5 \times 100) + (3 \times 10) + (8 \times 1)$

1.4 41 tiene + 65 tienduisende

1.5 16 ene + 19 honderde + 21 duisende

1.6 $3\,000\,000 + 9 + 400\,000 + 60 + 30\,000 + 700 + 2\,000$ (6)

2. Gebruik die 3 getalle wat reeds ingevul is en vul dieselfde getalle in die oop spasies in sodat die totale horisontaal, vertikaal en diagonaal gelyk is aan 24.

		8
10		
	6	

(6)

3. Skryf die volgende getalle in uitgebreide notasie:

3.1 16 783

3.2 75 093

3.3 198 743

3.4 586 903

3.5 3 782 560

3.6 53 726 493 (6)

4. Gebruik die syfers [0; 1; 2; 4; 5; 8] en beantwoord die vrae:

4.1 Skryf die grootste moontlike getal neer. (1)

2.

4.2 Skryf die kleinste moontlike getal neer. (1)

4.3 Bepaal die som van die twee getalle. (2)

4.4 Bepaal die verskil tussen die twee getalle. (2)

5. Gebruik die getal [674 035 912] en beantwoord dan die vrae:

5.1 Wat is die waarde van die 7?

5.2 Wat is die plekwaarde van die 9?

5.3 Wat is die waarde van die 4?

5.4 Wat is die plekwaarde van die 6? (4)

6. Voltooi die tabel oor afronding:

Getal	Naaste 5	Naaste 10	Naaste 100	Naaste 1 000
43 766				
135 046				
3 098 245				

(12)

7. Skryf die volgende getalle in dalende volgorde [groot na klein]:

639 947; 693 947; 396 947; 369 947; 936 947 (2)

8. Skryf die volgende getalle in stygende volgorde [klein na groot]:

734 286; 374 286; 347 286; 734 682; 734 862 (2)

Totaal [44]

Afdeling B – Getalsinne en Geometriese Patrone

1. Speel met die syfers in elke driehoek. Bepaal die numeriese patroon en dan die waarde van die ? in die onderste driehoek:



(2)

3.

2. Voltooi die volgende getalsinne:

2.1 $(16 + 4) \times (12 - 7) = \square$

2.2 $(87 - 9) \div 3 = \square$

2.3 $(\square - 12) \times 4 = 80$

2.4 $18 + \square - 9 = 34$

2.5 $17 \times 7 = \square - 17$

2.6 $18 + (8 + 12) = (9 \times 2) + 8 + (\square \times 4) \quad (6)$

3. Voltooi die volgende oop getalsinne:

3.1 $18 \times 9 = \square \times 18$

3.2 $6 + 48 = 48 + \square$

3.3 $26 \times 8 \div 8 = \square$

3.4 $36 \div \square = 1 \quad (4)$

4. Bereken die ontbrekende getalle:

4.1 $(\square \times 6) - 6 = 30$

4.2 $(28 - \square) + 12 = 29$

4.3 $\square - (24 \div 3) = 41$

4.4 $(6 \times \square) \times 1 = 6 \quad (4)$


5. Bereken die volgende 3 getalle in elke getalry en beskryf die patroon:

5.1 4; 8; 12; 16;;; $\rightarrow$ Patroon (2)

5.2 3; 10; 17; 24;;; $\rightarrow$ Patroon (2)

5.3 1; 4; 9; 16;;; $\rightarrow$ Patroon (2)

6. Vierkante word gebruik om diagramme te bou. Bestudeer die diagramme en beantwoord dan die vrae:



6.1 Teken die 4de diagram. (1)

6.2 Tel die vierkante in elke diagram en voltooi die tabel tot by diagram 4. (1)


Diagram	1	2	3	4	6	9	
Vierkante							33

6.3 Bereken die reël van die patroon en voltooi die tabel tot by diagram 9. (3)

6.4 Die laaste kolom gee 33 vierkante. Hoe sal jy die diagramnommer bereken? (2)

4.

7. Vuurhoutjies word gebruik om diagramme te bou. Bestudeer die diagramme en beantwoord dan die vrae:



7.1 Beskryf die patroon in jou eie woorde. (1)

7.2 Teken die 4de diagram. (1)

7.3 Tel die vuurhoutjies in elke diagram en voltooi die tabel tot by diagram 4. (1)

Diagram	1	2	3	4	9	12	
Vuurhoutjies							57

7.4 Bereken die reël van die patroon en voltooi die tabel tot by diagram 12. (3)

7.5 Die laaste kolom gee 57 vuurhoutjies. Hoe sal jy die diagramnommer bereken? (2)

Totaal [37]

Afdeling C – Veelvoude, Faktore en Priemgetalle

1. Voltooi die volgende:

1.1 Veelvoude van 6 vanaf 42 tot 72 (1)

1.2 Veelvoude van 8 tussen 31 en 65 (1)

1.3 Skryf al die faktore van 35 neer (1)

1.4 Skryf al die faktore van 42 neer. (1)

2. Omkring die priemgetalle in die volgende versameling getalle:

{ 1; 2; 3; 4; 5; 6; 7; 8; 9; 10; 11; 12; 13; 14; 15 } (1)

3. Skryf die priemfaktore neer van die volgende getalle:

3.1 18 3.2 32 (4)

Totaal [9]

Afdeling D – Optelling, Aftrekking, Vermenigvuldiging en Deling

1. Bereken en wys alle bewerkings:

1.1 $465\,207 + 313\,935$ (2) 1.2 $243\,534 - 157\,042$ (2)

1.3 $6\,842 \times 213$ (4) 1.4 $8\,643 \div 36$ (4)

1.5 $24\,956 \times 98$ (3) 1.6 $10\,386 \div 25$ (4)

2. Voltooi die woordsomme en wys alle bewerkings:

2.1 Die verskil tussen twee getalle is 205 758. Die grootste getal is 597 035.
Wat is die ander getal? (2)

2.2 Die eerste rugbytoets in Suid-Afrika vind plaas in Pretoria. Toeskouers het reeds 34 589 kaartjies gekoop. Hoeveel kaartjies is nog beskikbaar as die stadion 70 000 toeskouers kan akkommodeer? (2)

2.3 Ons gesin spaar R2 500 elke maand vir ons vakansie. Hoeveel geld sal ons in een jaar spaar? (3)

2.4 Wat is die verskil tussen 4 000 en die som van 2 821 en 794? (4)

2.5 Wat is die som van 24 699 en die volgende onewe getal? (2)

2.6 Lukas draf elke dag 25 kilometer. Hoeveel kilometer draf hy in 31 dae? (4)

2.7 'n Koninginby lê 2 250 eiers op 'n dag. Hoeveel eiers kan sy in drie weke lê? (4)
Totaal [33]

Afdeling E – Gewone en Desimale Breuke

1. Wat van hierdie lekker kopkrapper?!

Louis vra vir Kobus hoeveel albasters hy het.

Kobus antwoord dat $\frac{1}{2}$ plus $\frac{1}{3}$ van sy albasters gelyk is aan 15.
Hoeveel albasters het Kobus? (4)



2. Voltooi die ekwivalente breuke:

2.1 $\frac{2}{3} = \frac{\quad}{9}$

2.2 $\frac{3}{4} = \frac{18}{\quad}$

2.3 $\frac{16}{\quad} = \frac{8}{10}$

2.4 $\frac{\quad}{8} = \frac{42}{56}$

2.5 $\frac{2}{5} = \frac{10}{\quad} = \frac{\quad}{75}$

2.6 $\frac{18}{36} = \frac{\quad}{2} = \frac{6}{\quad}$ (6)

6.

3. Skryf die breuke in hul eenvoudigste vorm:

3.1 $\frac{32}{48}$

3.2 $\frac{30}{65}$

3.3 $\frac{36}{63}$

3.4 $\frac{84}{108}$ (4)

4. Rangskik die volgende breuke van groot na klein [dalende volgorde]:

$\frac{5}{6}, \frac{2}{3}, \frac{1}{2}, \frac{7}{8}, \frac{3}{4}$ (3)

5. Voltooi deur die regte verwantskapteken [> ; = ; <] in te vul:

5.1 $\frac{9}{10} \square \frac{6}{10}$

5.2 $\frac{5}{16} \square \frac{3}{8}$

5.3 $\frac{1}{3} \square \frac{13}{39}$

5.4 $\frac{13}{18} \square \frac{2}{3}$ (4)

6. Voltooi die tabel oor Onegte Breuke en Gemengde Getalle:

Onegte Breuke	Gemengde Getalle
$\frac{16}{7}$	
	$6\frac{1}{3}$
$\frac{37}{9}$	
	$9\frac{7}{8}$

(4)

7. Optelling en Aftrekking van breuke. Voltooi en wys alle bewerkinge:

7.1 $(3\frac{1}{4} + 2\frac{3}{4}) - 1\frac{2}{4}$ (3)

7.2 $6\frac{2}{8} + (7\frac{3}{8} - 3\frac{1}{8})$ (3)

7.3 My ma het $2\frac{5}{6}$ kg meel nodig om koekies te bak. Sy het net $1\frac{1}{6}$ kg meel in die huis.
Hoeveel kilogram meel moet sy nog koop om die koekies te bak? (2)

7.4 Twee van my maatjie se boeke weeg $1\frac{3}{7}$ kg en $1\frac{5}{7}$ kg.
Wat is die totale massa van die twee boeke? (3)

7.5 Santie eet die helfte van 'n blok sjokolade. Sy verdeel die ander helfte tussen haar 5 maats in ewe groot blokkies.
Watter breukdeel van die hele blok kry elke maat? (3)

7.

8. Skryf die desimale getalle in uitgebreide notasie:

8.1 46,8

8.2 72,84

8.3 219,375

8.4 5 678,543

(4)

9. Skryf die volgende 3 desimale getalle in die getalry:

9.1 0,11; 0,18; 0,25;;;

9.2 6,19; 6,16; 6,13;;;

9.3 24,50; 24,55; 24,60;;;

(3)

10. Voltooi die tabel: [Skryf die gewone breuke in hul eenvoudigste vorm]

Gewone breuk	Desimale breuk
$\frac{1}{2}$	
	0,4
$\frac{3}{4}$	
	0,375
$\frac{3}{5}$	
	6,875

(6)

11. Rangskik die desimale breuke in dalende volgorde:

0,700; 0,798; 0,897; 0,75; 0,978

(1)

12. Rangskik die desimale breuke in stygende volgorde:

8,123; 8,213; 8,321; 8,132; 8,12

(1)

13. Vul die regte verwantskaptekens in:

13.1 11,54 $\square$ 11,45

13.2 0,06 $\square$ 0,6

13.3 0,36 $\square$ $\frac{36}{100}$

13.4 0,7 $\square$ $\frac{6}{10}$

13.5 $\frac{4}{5}$ $\square$ 0,81

13.6 $\frac{1}{2}$ $\square$ 0,500

(6)

14. Voltooi die tabel oor afronding van desimale breuke:

Getal	Naaste tiende	Naaste honderdste
17,553		
13,657		

(4)

15. Bereken en wys alle bewerkings:

15.1 $34,15 + 8,125$ (2) 15.2 $76,3 + 100,23 + 5\,904$ (2)

15.3 $435,01 - 198,746$ (2) 15.4 $83,0 - 57,624$ (2)

15.5 My ma meng vrugtesap vir 'n partytjie. Die houer vir die sap kan 20 liter hou. Sy gooi 10,5 l sodawater, 4,36 l lemmetjiesap en 3,4 l pynappelsap in. Hoeveel lemoensap kan sy byvoeg voordat die houer vol is? (4)

15.6 Die renmotor wat in die eerste plek wegspring se gemiddelde spoed in die oefenrondes was 236,438 km/h.
Die motor wat in die tiende plek wegspring se gemiddelde spoed was 235,654 km/h.
Wat is die verskil in spoed van die twee motors? (2)

15.7 Ek koop 'n potlood en uitveër wat saam R10,50 kos.
Die uitveër kos R2,10 meer as die potlood.
Wat is die prys van die potlood? (5)

Totaal [76]